# *139* *Leer hulle om vas te staan*

## (Matteus 28:19, 20)

1. As ons God se skape leer en voed,
   Bring dit vir ons vreugde mee.
   En ons sien hoe hy hul rig en lei,
   ’Wyl hul hom hul beste gee.

(***REFREIN***)

*Jehovah, mag u oor hul waak*
*Dat hul u weg nooit sal versaak.*
*Ons vra u dus in Jesus naam: Mag hul voortgaan*
*Om in u weë vas te staan.*

2. Dag ná dag het ons vir hul gebid.
   Teen beproewings moes hul stry.
   Met ons hulp het hul Gods Woord leer ken;
   En Sy seën het hul verkry.

(***Refrein***)

3. Mag hul almal op God bly vertrou
   En volhard, gehoorsaam bly.
   Ons bid dat God hulle aanhou seën
   En hul na die lewe lei.

(***Refrein***)

*snylpnw*-AF Nr. 139 1/15

(Sien ook Luk. 6:48; Hand. 5:42; Fil. 4:1.)

© 2015 Watch Tower Bible and Tract Society of Pennsylvania